

BELASTINGIMPLIKASIES BY DIE AANKOOP VAN 'n VOERTUIG

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

In 1992 het die Deense Departement van Landbou in studie onder Deense boere gedoen om vas te stel hoe hulle die besluit om 'n nuwe trekker aan te koop, benader. Met betrekking tot die spesifieke tyd binne die finansiële jaar wanneer aankope gedoen word, is daar bevind dat die meeste aankope gedoen is in die maand waarop die belastingjaar eindig. Die maande waarin trekkers die meeste gebruik word het nie 'n rol gespeel nie. In die Suid-Afrikaanse konteks sal dit dus beteken dat daar baie aankope in Februarie sal wees wanneer die belastingjaar eindig, terwyl daar min aankope in Oktober/November sal plaasvind wanneer trekkers eintlik die meeste gebruik word. Dieselfde aanname kan waarskynlik ook rondom voertuie gemaak word en daarom behoort die boer homself te vergewis van die belastingimplikasies by die aankoop van 'n bakkie.

Daar is belastingimplikasies by die aankoop én verkoop van 'n voertuig. In baie gevalle ruil die boer 'n gebruikte voertuig in wanneer hy 'n nuwe bakkie aankoop. Gevolglik sal hy aan die aankoopkant sowel as die verkoopkant aan meer as een belastingvorm onderhewig wees.

AANKOOP

Omdat die veronderstelling is dat die boer sy bakkie in die bedryfsproses aanwend, laat die Ontvanger hom toe om sekere aftrekkings vir belastingdoeleindes te maak. Die belangrikste uitgangspunt is dat die boer eerstens werklik moet boer en dat tweedens, slegs voertuie wat vir die boerdery gebruik word hiervoor in aanmerking sal kom. Privaat voertuie kwalifiseer dus nie hiervoor nie en daar is verder 'n spesiale reëling oor dubbelkajuit bakkies.

BTW

Indien die boer sy bakkie vir boerderydoeleindes gebruik, kan hy die BTW daarvan terugeis, mits hy vir BTW-doeleindes geregistreer is. Dit word dan as 'n kapitaalinsent teruggeëis. Dubbelkajuit bakkies kwalifiseer as passasiersvoertuie en die BTW daarvan kan dus nie teruggeëis word nie. Die nuwe "King Cab" of "Club Cab" bakkies wat Ford en Colt tans beskikbaar het voldoen nie aan die definisie van 'n passasiersvoertuig nie en daarom kan die BTW daarop tans teruggeëis word. Dit is 'n ope vraag hoe lank die Ontvanger hierdie nuwigheid gaan verduur voordat hy dalk mag besluit om die BTW daarop nie as aftrekking toe te laat nie.

Slytasie

'n Voertuig raak oor 'n aantal jare uitgedien terwyl dit in die produksieproses gebruik word. Daarom kan hierdie vermindering in waarde teen 'n sekere koers oor die voertuig se leeftyd van 'n boer se belasbare inkomste afgetrek word. In die geval van voertuie soos bakkies en motorfietse, is daar 'n wisselende koers van toepassing naamlik 50% van die netto aankoopprys (BTW dus uitgesluit) in die eerste jaar, 30% in die tweede jaar en 20% in die derde jaar. Die voertuig se totale aankoopprys kan dus binne die bestek van drie jaar as 'n uitgawe van 'n boerdery se belasbare inkomste afgetrek word, ten spyte daarvan

dat die ekonomiese leeftyd van die voertuig dalk 10 jaar kan wees. Daar vind dus 'n versnelde afskrywing vir belastingdoeleindes plaas wat 'n voordeel tydens die aankooptransaksie het.

Finansiering

Indien 'n voertuig deur middel van 'n huurkoop of ander finansieringskema aangekoop word, kan die boer die jaarlikse rente daarop ook van sy belasbare inkomste aftrek. Dit geld net ten opsigte van die rentegedeelte en nie die kapitaal ook nie. Die kapitaalgedeelte word in effek as deel van die slytasies afgetrek. Die rente kan jaarliks afgetrek word totdat die uitstaande bedrag vereffen is en hou dus nie verband met die slytasietermyn van drie jaar nie. Indien die finansieringsooreenkoms oor vyf jaar strek, kan die rentegedeelte dus vir elk van die vyf jaar van belasbare inkomste afgetrek word.

Die gevaar vir die boer lê dan juis hierin dat hy die belastingaftrekking op die kapitaalgedeelte slegs in die eerste drie jaar geniet terwyl die paaieimente vir die jare daarna dan uit nabelaste inkomste vereffen moet word. Dit is dus raadsaam om die afbetalingstermyn van 'n aangekoopte voertuig so na as moontlik aan die belastingaftrekkingstermyn te hou.

Bruikhuur

In die geval van 'n bruikhuur ("lease") behoort die voertuig in effek nie aan die boer nie maar word dit aan hom verhuur. In die praktyk voel dit moontlik vir die boer of dit steeds sy voertuig is maar die belastingimplikasies verskil wel. Die Ontvanger beskou slegs die bruikhuur se paaieiment as 'n belastingaftrekking vir BTW sowel as inkomstebelasting. Die BTW kan nie op die totale aankoopprys afgetrek word nie. Slegs elke paaieiment se BTW kan op 'n keer afgetrek word. Dieselfde geld ook vir inkomstebelasting deurdat slegs die paaieimente wat wel betaal is (sonder BTW) as 'n belastingaftrekking geëis mag word.

VERKOOP

Die aankoop van 'n nuwe voertuig het beslis 'n belastingvoordeel vir die boer. Ongelukkig draai die proses om wanneer die boer 'n voertuig verkoop, hetsy op sy eie of dan as 'n inruil op 'n nuwe bakkie.

BTW

Die vordering van BTW by 'n verkoopstransaksie hang van die verkoper se posisie af. Indien die verkoper vir BTW geregistreer is, móét hy BTW op die verkoopte of ingeruilde bakkie vorder ongeag of die koper vir BTW geregistreer is of nie. Daar is heelwat verwarring hieroor onder boere maar die uiteinde van die saak is dat die Ontvanger die BTW by die verkoper gaan verhaal ongeag of hy die koper BTW laat betaal het of nie. Die enigste uitsondering is as die boer nie vir BTW geregistreer is nie maar dan sou hy in die eerste plek ook nie die BTW kon terugeis toe hy die voertuig aangekoop het nie.

Verhaling van slytasie

Die Ontvanger laat die slytasie as aftrekking toe omdat die veronderstelling is dat die voertuig in die produksieproses opgebruik word. Indien die voertuig teen 'n hoër waarde verkoop word as die toegelate slytasie, moet die slytasie verhaal word omdat die tempo waarteen die slytasie toegelaat was dus te hoog was. Dit geld net ten opsigte van die slytasie wat verhaal is. Indien die voertuig vir meer as sy aanvanklike waarde verkoop word, is die surplus 'n kapitale wins en word dit nie as verhaling van slytasie hanteer nie.

Die slytasie word in die jaar van verkoop dus weer as 'n belasbare inkomste hanteer. Wanneer die boer sy ou bakkie op 'n nuwe inruil sal die negatiewe effek van die verhaling deur die 50% aftrekking van die nuwe voertuig uitgekanselleer word.

Kapitaalwinsbelasting

Kapitaalwinsbelasting het op 1 Oktober 2001 in werking getree. Wanneer 'n voertuig dus vir meer as sy aankoopwaarde verkoop word, ontstaan daar 'n kapitaalwins. In die geval van natuurlike persone moet 25% van hierdie wins by die boer se belasbare inkomste gevoeg word terwyl dit 50% in die geval van regs persone (BK's, maatskappye of trusts) is. Daar is 'n jaarlikse korting van R10,000 op kapitaalwins van toepassing.

Indien die bate vir minder as sy aanvanklike aankoopprys verkoop word, kan 'n kapitale verlies opgehoop word wat dan later teen 'n toekomstige kapitaalwins afgetrek word.

SLOTSOM

Die aankoop van 'n voertuig, bloot vir belastingdoeleindes, is nie aan te beveel nie. Voertuigaankope behoort op grond van 'n weldeurdragte vervangingsbesluit te geskied, ongeag die boer se belasbare posisie op daardie spesifieke tydstip. Die 50% aanvanklike slytasie-aftrekking is gewoonlik baie aantreklik wanneer die boer 'n belastingprobleem gedurende Februarie ondervind. Die finansieringsimplikasies, verhaling van slytasie en die impak van kapitaalwins behoort 'n boer egter twee keer te laat dink alvorens hy 'n kortsigtelike aankoopbesluit op grond van die belastingaftrekking neem.

BETHLEHEM
Desember 2004